



Junie, Julie & Augustus 2021

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

PINKSTERTYD 2021

Die Heilige Gees maak heel en nuut!

Broer, Suster: Wat is die werk van die Heilige Gees? Hoekom is die Gees gestuur? O.a. is dit die volgende:

- ◇ Die Gees help ons om te glo (open ons oë en harte – “unveiling”)
- ◇ Die Gees lei ons in die hele waarheid (kennis, onderskeiding)
- ◇ Die Gees vertroos en genees (individue en gemeenskappe)
- ◇ Die Gees bou, bemagtig en lei die kerk
- ◇ Die Gees herstel en herskep die natuur (ekologie)
- ◇ Die Gees help ons bid (aanbidding en voorbidding)
- ◇ Die Gees skep gemeenskap met God en mekaar (eenheid, versoening)
- ◇ Die Gees roep en stuur ons na die wêreld – met hoop

GELOOFSBELYDENIS: Heilige Gees (Herman Bavinck)

Ek glo in 'n geheimsinnige lemand wat naby my is,
wat binne-in my is,
wat my armsalige gespartel en gespook sien

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

SOME
Super
Heroes
Don't have
CAPES...
They are
called
DAD

© 2012 www.thatswhatchesaid.net

en wat my dan stilletjies vashou
en my ongemerk van binne weer innerlike krag gee.

Ek het dit vele male in my lewe ervaar
as ek wegsink en meegevoer word deur

die strome van die lewe wat my na onder wil trek.

Maar ek het ook in beslissende momente in my lewe ondervind
dat ek opgetel en hoog bo die water gedra word.

Daar was oomblikke dat ek my Bybel sou oopslaan
en elke woord daarin vir my dof geklink het.

Maar ek het ook oomblikke beleef waarin die woorde
as't ware op my afspring, waarin dit glinster en my lewe vul.

En altyd weer was ek oortuig dat daar lemand in my moet wees,

lemand wat my vashou, lemand wat my saggies maar
ferm in die arms toevou.

Ek glo in die Heilige Gees.



**Gelukkige Vadersdag
20 Junie**



---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **5 Junie:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ◆ **16 Junie:** Jeugdag
- ◆ **3 Julie:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ◆ **9 Julie:** Skole Sluit
- ◆ **26 Julie:** Skole Open
- ◆ **7 Augustus:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ◆ **9 Augustus:** Vrouedag



OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroepes** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.

DIE JUWELE IN 'N PA SE LEWE

Ek het grootgeword in 'n huis met 'n pa wat fisiek altyd daar was, maar emosioneel heeltemal afwesig. Hy het ons ook baie sleg behandel sodat ek hom op 21 gegroet en nooit weer gesien het nie.

Ek kon nooit verstaan dat God 'n liefdevolle Vader is nie, want my pa het niks vir my gevoel nie. Ek kon nie vertrou dat Jesus beskikbaar is nie, want my pa was nooit beskikbaar nie.

Jare later, nadat my pa reeds oorlede is, het ek hom vergewe. Dit het my lewe ingrypend verander. Ek het besluit dat ek my dit ten doel gaan stel om vas te stel hoe Jesus wil hê ons die kinders wat Hy aan ons toevertrou, moet grootmaak.

UITEINDELIK VRY VAN ONDERDRUKTE EMOSIES

Ek het dit 'n prioriteit gemaak om deur God se Woord beskikbaar te wees vir my kinders, om gehaltetyd saam met hulle deur te bring, na hulle te luister, saam met hulle te speel, hulle toe te laat om deur hulle foute te leer en deur regverdige tugtiging. Ek het na die beste van my vermoë vir hulle gesorg. Ons het dikwels lekker dinge saam gedoen en soet herinneringe gebou. Ek het foute gemaak en moes vele kere omverskoning vra.

Ek het baie gesukkel met woedebuie. Ek het tot drie keer per dag my humeur verloor. Later het ek beseft dit was weens my onderdrukte emosies. Nadat ek my pa met die Here se hulp en genade kon vryspreek, het ek heeltemal verander. Voorheen het ek min vir ander mense omgee, maar daarna het die Here my 'n passie vir mense gegee. Toe my oudste dogter agt jaar oud was, het ek haar voete gewas, waartydens ek opreg berou getoon het omdat ek voorheen so hard met haar was.

Vandag is my kinders my kosbaarste juwele. My twee kinders is 22 en

25 en 'n groot seën vir my. Ons was onlangs saam op 'n roei-avontuur op die Oranjerivier. Hulle was voortdurend besorg oor my en wou net weet dat ek "oukei" is. Ek het my kinders vurig lief. As jy tyd vir jou kinders het as hulle jonk is, sal hulle tyd vir jou hê wanneer jou oud is.

ONVERGEWENSGESINDHEID HOU JOU GEVANGE

Ek is net spyt oor een ding, en dit is dat ek nie die geleentheid gehad het om my pa van aangesig tot aangesig vry te spreek nie. Die manier waarop hy my behandel het, het moontlik gespruit uit hoe sy pa kom hanteer het. Toe ek my pa vrygespreek het, het my menseverhoudinge baie verbeter en my verhouding met die Here het ingrypend verdiep. Ek het geestelik vinniger gegroei nadat ek my aardse pa vergewe het as in die voorafgaande 19 jaar toe ek ook 'n kind van God was. Onvergewensgesindheid is seker die grootste geestelike blokkasie wat daar is omdat dit soos kanker aan jou vreet.

Nadat ek my pa vergewe het, het ek liefde begin ervaar—Jesus se liefde. Vandag is dit vir my 'n prioriteit om mense geestelik te motiveer en hulle aan te moedig om goeie verhoudinge met hul gesinslede te bou en Jesus se liefde met hulle te deel.

WANNEER JY SWAK IS

Wanneer nuwe uitdagings kom, vra ek ons liefdevolle hemelse Pappa om vir my Sy wysheid te openbaar sodat ek die situasie op Sy tyd en volgens Sy wil hanteer. Ons as mense sal heel moontlik die situasie verkeerd hanteer. Sy manier is altyd die beste, met die beste uitkoms. Vertrou Hom daarmee. Die lewe het baie uitdagings, maar jy kan kies of jy die Here gaan vra om jou te lei om dit volgens Sy wil te hanteer—en jou getuienis gebruik om ander te help—en of jy verbitterd gaan raak. Die keuse is joune. Om te vergewe, is 'n keuse. Moenie dat dit jou lewensvreugde steel nie.

Kriel M, Junie 2017, Juig! Tydskrif, Die Juwele in 'n pa se lewe. Volume 10 Uitgawe 5, p48 – 49.



Eenminuut-oordenkings

Oorwin jou vrese

Moses het vir die Here gesê: "As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie."
Eksodus 33:14-15

'n Basiese lewensbeginsel is dat jy niks van wesenlike waarde sal bereik, tensy jy dit in die krag en tot eer van God verrig nie. Jy kan dalk kortstondig vreugde ervaar, maar blywende bevrediging sal jou steeds ontwyk.

Ondervinding leer dat niks wat die moeite werd is, maklik verkry word nie. Jy sal struikelblokke moet oorkom, jy sal versoekings en teleurstellings ervaar wat sal dreig om jou van jou planne te laat afsien.

In sulke tye moet jy besef dat Christus 'n integrale deel van jou planne, voornemens en drome moet wees. Maak Hom jou Venoot in wat jy ook al aanpak.

Troue Leidsman, ek lê al my planne en drome aan u voete neer. Help my om getrou te wees aan die edelste waartoe U my geroep het. Amen.

24 Mei

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 24 Mei

DANKBAAR KERK IS NIE PERFEK

“Wanneer iemand vir my sê ek moet vir ’n hele week lank, soms tot 10 ure per dag, in ’n (Sinode-) vergadering sit ...

Ek weet darem nie.

En tog het ek dit gedoen en van-oggend sit ek op my stoep en reflekteer oor die week.

Ek kan sê dat ek **dankbaar is vir die integriteit van ons kerk se leierskap.**

Ek is dankbaar dat hulle erken dat die wêreld deurmekaar is en dat hulle moed het om te sê dat ons nie die wêreld vinnig kan uitsorteer deur eenvoudige antwoorde aan te bied op komplekse vrae nie.

Ek is dankbaar daarvoor dat **die kerk regtig passievol is daarvoor om ’n lewgewende verskil in die wêreld te maak.**

Ek is dankbaar dat ons daarvoor droom om nie net met armoedeverligting besig te wees nie, maar ook met armoedebestryding. **Dit was goed om te sien dat die NGK se welsynsdienste alreeds 1,1 miljard rand per jaar spandeer om SA ’n beter plek te maak.**

Ek is dankbaar dat ons kerk nie perfek is nie en dat ek juis daarom ook daarin kan tuiskom.

Ek het weer ontdek dat eenheid nie eendersheid beteken nie. Ek hoef nie met alles en almal saam te stem nie. Daar is vir my ruimte.

Ek het weer onthou dat net omdat jou grense grys is, beteken dit nie dat jy wegstap van ’n rotsvaste kern nie.

Ek het weer onthou dat ek in hier-die wêreld nie vir Jesus hoef te verdedig nie. Ek kan bloot, deur die wer-king van die Heilige Gees, so leef dat sy wêreld sigbaar word daar waar ek is.

Heel belangrikste wil ek getuig dat ons weggestap het met die een begeerte en dit is om in Hom te bly en Hy in ons. “Julle moet in My bly en Ek in julle. ’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie” (Joh 15:4).

Geskryf deur Lettie Buchner in Kerkbode (24 Oktober 2019)



ABSOLUTE VERWYSINGSPUNT

- (verkorte weergawe) deur dr. Isak Burger

“U word is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.” – Ps 119:105

’n Vaste baken is nodig om koers te hou

Wetenskaplikes het bewys dat ’n mens in die afwesigheid van die son of maan, of enige ander vaste baken, nie reguit koes kan hou nie. Navorsers in Duitsland het byvoorbeeld ses vrywilligers in ’n woud gelos en gevra om reguit in dieselfde rigting te stap. Op bewolkte dae het die vrywilligers hul eie spore gekruis sonder dat hulle dit besef het. Vrywilligers wat in die Sahara gelos is, kon reguit koers hou terwyl die son sigbaar was, maar sodra dit agter wolke verdwyn het, het hulle in sirkels geloop.

Dr. Jan Souman, wat die navorsingstudie gelei het, sê: “Mense kan nie reguit koers hou as hulle nie ’n absolute verwysingspunt soos ’n toring of ’n berg in die verte het, of die son of maan as verwysingspunt kan sien nie; daarsonder loop hulle in sirkels.”

Bybelse voorbeelde

Toe ek hierdie verslag lees, het die navorsers se gevolgtrekking my getref. Die verhaal van die wyse manne het dadelik by my opgekom. ’n Ster was hul enigste verwysingspunt en dit het hulle na God se persoonlike openbaring, Jesus Christus, in Bethlehem gelei. Kyk ook hoe God Sy volk uit Egipte na die Beloofde Land gelei het – ’n wolkkolom in die dag en ’n vuurkolom in die nag

God se absolute bakens vir ons lewensreis

Die beginsel van ’n absolute verwysingspunt is net so van toepassing op ons geestelike lewens, moraliteit en waardes. Op ons lewensreis het ons ook bakens en merkers nodig. God het sulke merkers en bakens gegee om te verseker dat ons veilig by ons eindbestemming aankom. Die bakens wat Hy voorsien het is nie daar om ons van vreugde en genot te beroof nie, maar om ’n veilige reis, geluk en vervulling in hierdie lewe en die hiernamaals te verseker.

Maar ondanks die ongekende tegnologiese vooruitgang kan ek nie ’n tyd in die geskiedenis onthou met soveel geestelike en morele verwarring as nou nie. Met een klink is ’n magdom kennis op die internet beskikbaar, maar ongelukkig geld dit nie vir wysheid en moraliteit nie. Gesinne is onder druk, daar heers verwarring oor geslagsidentiteit en seksualiteit, veral onder die jeug.

Postmoderne afkeer van die absolute

Mense wil “vry” wees, maar sonder duidelike bakens op die lewenspad raak hulle die pad byster, die slagspreuke van ons dag is vryhied, losbandigheid, individualiteit en relativisme (die leerstelling dat kennis, waarheid en moraliteit net ’n verhouding tot kultuur,

samelewing of geskiedkundige konteks bestaan en nie absoluut is nie). Relativisme, een van die kenmerke van die postmoderne samelewing, verset hom teen die absolute. Liberale humaniste het 'n renons in Christene wat in die geestelike en morele absolute glo. Hulle standpunt is dikwels: "Dit mag jôu waarheid wees, maar moenie daarop aanspraak maak dat dit 'n absolute waarheid is nie."

Ware geloof impliseer die absolute

Maar hoe baan jy jou weg deur die lewe sonder absolute verwysingspunte? Merkers en bakens wat onstandvastig en veranderlik is, is gevaarlik. Onseker bakens lei tot verwarring en laat jou die pad byster raak. As Christene moet ons in absolute waarhede glo. Ek glo en bely as die absolute:

- Daar is een ware God
- Daar is een Verlosser en Middelaar tussen God en mens – Jesus Christus
- Jesus is die Seun van God
- Die Bybel is volkom betroubaar as God se openbaring aan die mensdom en is 'n vaste riglyn vir die lewe, van die wieg tot die graf.

Die Bybel as absolute verwysingspunt

Daar is geen baken wat veiliger en standvastiger as die Bybel is nie. Dawid sê: "*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.*" Die Bybel gee ons duidelike en besliste leiding oor:

- Die rol van die man en vrou in die huwelik en oor ware manlikheid en vroulikheid
- Hoe om 'n waardige pa en ma te wees
- Oor onvoorwaardelike liefde en dissipline
- Hoe om met integriteit en eerlikheid te leef
- Hoe om ontrouheid in die huwelik te vermy

Daar heers verwarring en mense dwaal af waar daar nie vaste bakens is nie.

Christus is die bestemming

Ek is so dankbaar wat die Here ons nie verlore en verward in die duisternis gelos het nie. Hy het betroubare "ligte: voorsien om ons na Sy persoonlike openbaring – Jesus Christus – te lei. Net soos die ster die wyse manne na Jesus toe gelei het, is daar "ligte" soos die natuur (Rom 1:19 – 20) en ons gewete (Rom 2:14 – 16) om ons op koers te bring. En dan is daar ook God se spesiale openbaring, die Bybel – "die lig op my pad".

Geen baken, GPS of padkaart self is die bestemming nie, dit help jou net om jou bestemming te bereik. Net so is die Bybel of enige ander baken nie ons bestemming nie, dit help ons het om by ons uiteindelige bestemming uit te kom – Jesus Christus. Jy sal nie afdwaal as jy op Jesus fokus nie. Soos Hebreërs 12:2 sê: "Die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof." As jy Hom vind, kan jy nie die pad byster raak nie, want Hy is die We gen die Waarheid en die Lewe! (Joh 14:6)

Burger I, Junie 2017, Juig! Tydskrif, Absolute Verwysingspunt, Volume 10 Uitgawe 5, p35 – 36.

PINKSTER: VUUR EN WIND!

Die eerste kerk het begin met die vuur en wind van die Heilige Gees. "*Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees...*" - Hand 2:3-4



Die doop met die Heilige Gees steek die gelowige se lewe aan die brand. Dit is 'n vuur wat reinig, inspireer en bekragtig! Dit wek 'n nuwe liefde en ywer op vir Christus, wat 'n lewe deurdronge van heilige vuur weerspieël het. Dit verander koue, kragtlose Christene in vuurvlamme, wat ook die wêreld om hulle aan die brand steek.

Op die dag van Pinkster is die Heilige Gees ook soos 'n magtige wind uitgestort op almal wat bymekaar gekom het (Handelinge 2:1-2). Wind is 'n ander simbool van die Heilige Gees. Dit is onsigbaar, maar wanneer dit kragtig waai, kan dit geboue se dakke afruk en self swaar voertuie omgooi. Net so het die Heilige Gees 'n magtige uitwerking op elkeen wat deur Hom beïnvloed word. Wanneer die kragtige wind van die Heilige Gees in jou lewe begin waai, verplaas Hy jou na 'n veel dieper dimensie van doeltreffendheid en krag in jou geestelike lewe en bediening. Wat ons nodig het, is 'n nuwe uitstorting van die vuur en die wind van die Heilige Gees. Bid dit vir die Kerk en die hele Suid-Afrika.

Pastoor Rudi Briel, Junie 2017, Juig! Tydskrif, Woorde van Wysheid, Volume 10 Uitgawe 5, p46.

NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag vir 1 Januarie 2021 tot 30 April 2021

Inkomste vir die tydperk	R690 350
Uitgawe vir die tydperk	<u>R660 733</u>
Netto Fondse	R 29 617

Baie Dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

Happy Go Lucky Bouncing Fun

!!Kindervermaak!!

Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kinder-partytjies, einge tipe funksie,ens

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903

 Happy Go Lucky Bouncing Fun



BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.

Kontak nommer is 0721113100